



# Graad 5 Kwartaal 3

## Afrikaans Opsomming

### Taalstrukture en -Konvensies

#### Sinonieme

Sinonieme is woorde wat dieselfde of amper dieselfde betekenis het:

- alleen - eensaam
- amper - byna
- bullebak - boelie
- geraas - lawaai
- gesels - praat
- ma - moeder
- meteens - skielik
- oggend - môre
- oud - bejaard
- pa - vader
- pla - hinder
- skitter - vonkel
- sterf - doodgaan
- storie - verhaal
- studente - leerlinge
- vies - kwaad - boos
- voltooi - klaarmaak
- vriende - maats
- waarheen - waarnatoe
- woud – bos

#### Antonieme

Antonieme is woorde wat die teenoorgestelde betekenis as 'n ander woord het:

- vlak - diep
- nat - droog
- laaste - eerste
- ongelukkig - gelukkig
- klein - groot
- sag - hard
- lank - kort
- hoog - laag
- fluks - lui
- baie - min
- maklik - moeilik
- bo - onder
- toe - oop
- nuut - oud

- arm - ryk
- netjies - slordig
- vinnig - stadig
- maer - vet
- leeg - vol
- agter - voor
- skoon - vuil
- koud - warm
- verloor – wen

## Homonieme

'n Homoniem is 'n woord wat dieselfde klink en dieselfde gespel word as 'n ander woord, maar 'n heeltemal ander betekenis en oorsprong het:

- Gas – die gas vir 'n stoof / jou gas wat kom kuier
- Haas – vinnig oppad is iewes / wilde of troeteldier
- Duur – nie goedkoop nie / iets wat lank hou
- Lui – nie fluks nie / die telefoon wat lui
- Meer – nie minder nie / groot hoeveelheid water (groter as 'n dam)
- Brak – 'n hond / souterige water
- By – insek wat heuning maak / in die nabyheid

## Homofone

Homofone is woorde wat dieselfde uitgespreek word, maar verskillend gespel word en verskillende betekenis het:

- bond (vereniging), bont (veelkleurig)
- boud (agterste, dig liggaamsdeel), bout (dit word met n moet vasgedraai)
- brei (doen dit met velle of 'n sportspan), bry (die klank 'r' met die kleintongetjie uitspreek)
- dokter (geneesheer), doktor (iemand wat die hoogste akademiese graad verwerf het)
- end (die einde), ent (die loot van een boom in die spleet van 'n ander)
- rys (wat jy eet), reis (op vakansie gaan)

## Basisvorme

- Die basisvorm is die kleinste betekenisvolle eenheid van 'n woord
- Sommige woorde het 2 basisvorme.
  - stoeltjie (basisvorm = stoel)
  - wildtuin (wild + tuin)

## Afleidings en Samestellings

- 'n Voorvoegsel en 'n Agtervoegsel kan by 'n selfstandige naamwoord gevoeg word om 'n afleiding te vorm. Byvoorbeeld: ge + trou = getrou; pyn + lik = pynlik.
- 'n Samestelling is 'n woord wat bestaan as jy twee of meer woorde saam gebruik. Byvoorbeeld: badkamer + kas = badkamerkas.
- Party woorde word saamgevoeg met 'n verbindingsklank. Byvoorbeeld: verjaar + dag = verjaarsdag.

## Voor- en Agtervoegsels

- Voorvoegsels is woorddele wat vooraan 'n woord gevoeg word om 'n nuwe woord te vorm.
- 'n Voorvoegsel staan voor 'n woord en kan die betekenis verander
  - onthoof, ontstaan, ontgaan (ont- beteken om iets weg te neem/vat of om dit te verwyder)
  - wanhoop, wanorde, wantroue (wan- beteken nie/geen/sleg)
- Agtervoegsels is woorddele wat agteraan die stam gevoeg word om nuwe woorde te vorm.
- 'n Agtervoegsel staan agter 'n woord en kan die betekenis verander.
  - waarheid, waarskynlikheid (-heid beteken toestand van)
  - naamloos, smaakloos, blaarloos (-loos beteken sonder)

## Bywoorde

### Bywoorde van tyd (wanneer)

- gister
- vandag
- môre
- oor môre
- verlede week
- nou-nou
- dadelik
- altyd
- toe
- dan
- vanaand
- vonoggend
- partykeer
- nou
- netnou

### Bywoorde van plek (waar)

- hier
- daar
- êrens
- nêrens
- ver
- naby
- binne
- buite
- voor
- agter
- onder
- bo
- langs
- tussen
- hierheen
- daarheen
- iewers

### Bywoorde van wyse (hoe)

- so
- gou
- miskien
- ordelik
- mooi
- lelik
- stadig
- vinning
- hard
- sag

## Telwoorde

- Ons kry twee verskillende soorte telwoorde.
- Hooftelwoorde
  - Bepaalde hooftelwoorde: vyf, nege, twintig, ens.
  - Onbepaalde hooftelwoorde: min, baie, verskeie, ens.
- Rangtelwoorde
  - Bepaalde rangtelwoorde: eerste, sesde, tiende, ens.
  - Onbepaalde rangtelwoorde: minste, laaste, eerste, ens.

## Voornaamwoorde

'n Voornaamwoord is 'n woord wat as plekhouer of plaasvervanger vir 'n selfstandige naamwoord dien.

- Persoonlike voornaamwoorde – ek, jy, u, hy, sy, ons, julle, hulle, hom, haar. Die kind ken jou.
- Onpersoonlike voornaamwoorde – dit reën, dit hael.
- Besitlike voornaamwoorde – my, jou, u, haar, joune, hare, syne. Die bal is syne. Dit is my appel.

## Byvoeglike Naamwoorde

'n Byvoeglike naamwoord vertel ons meer van die selfstandige naamwoord.

- Die lae stoel is baie ongemaklik.
- Die ligte sak is maklik om te dra.
- Die hoë berge is pragtig.
- Die moeë kind het baie hard geleer.

## Intensiewe Vorme

Intensiewe vorme is voorbeelde van byvoeglike naamwoorde. Dit word gebruik om 'n sin trefkrag te gee en die taal op te kikker.

- vol – propvol
- leeg – dolleeg
- goedkoop – spotgoedkoop
- duur – peperduur
- koud – yskoud
- soet – stroopsoet
- bitter – galbitter
- warm – vuurwarm
- droog – kurkdroog

## Trappe van Vergelyking

- Die stellende trap. Dit is die gewone vorm van die byvoeglike naamwoord.
- Die vergrotende trap (ook vergelykende trap of die komparatief genoem) wat gevorm word deur -er agteraan die woord te voeg (of met die woord meer).
- Die oortreffende trap (ook die superlatief genoem) wat gevorm word deur -ste agteraan die woord te voeg (of met die woord mees en 'n -e aan die einde van die byvoeglike naamwoord).

Stellende trap	Vergrotende trap	Oortreffende trap
Lekker	Lekkerder	Lekkerste

Hoog	Hoër	Hoogste
Baie	Meer	Meeste
Lank	Langer	Langste
Goed	Beter	Beste
Lui	Luier	Luiste
Vinnig	Vinniger	Vinnigste
Wild	Wilder	Wildste
Fluks	Flukser	Flukste

## Voegwoorde

Dit is woorde wat ons gebruik om twee sinne saam te voeg: maar, sowel, dus, want, dog, gevolglik, of, en, omdat:

- Sy sal slaag, want sy het hard geleer.
- Hy oefen elke dag hard, dus is hy in die eerste span.
- Magda leer, maar Daan speel buite.
- Daan en Sandra staan in die ry.
- Willie slaap, want hy het laat gaan slaap.

## Direkte en Indirekte Rede

- Ons gebruik die volgende leestekens wanneer iemand se woorde direk neergeskryf word:
- Dubbelpunt (:) en aanhalingstekens (“ ”)
- Wanneer die woorde van iemand herhaal word bly die tyd van die werkwoorde dieselfde, maar die voornaamwoorde en bywoorde verander.

### Direkte rede

- Sanda sê: “Kom ons gaan strand toe.”
- “Ons gaan nou ry.” Sê Daan.
- Mike het gevra: “Kan ons gaan swem?”

### Indirekte rede

- Sandra se ons moet strand toe gaan.
- Hy sê ons gaan nou ry.
- Mike het gevra of ons kan gaan swem.

# Idiome

- 'n Idioom is 'n vaste spreekwoord of segswyse wat eie is aan 'n spesifieke taal, streek of volksgroep.
- Idiome het gewoonlik 'n dieper betekenis wat uit die tradisies, geskiedenis en leefwyse van 'n volk gegroei het.
- Dit is nie altyd moontlik om die betekenis van 'n idioom uit die woorde af te lei nie, omdat dit baie op figuurlike spraak berus.
- Vir die rede kan idiome ook nie direk van een taal na 'n ander vertaal word sonder om die betekenis daarvan in ag te neem nie.

Hy het 'n groot mond.	Hy praat groot.
Iets vir appel en ei verkoop.	Iets baie goedkoop verkoop.
Êrens is daar 'n skroef los.	Êrens is daar iets verkeerd.
Hy het die hasepad gekies.	Hy het weggehardloop.
Hy eet met lang tande.	Hy is nie honger nie.
Die kind het lang vingers.	Die kind steel.
Hy praat twak.	Hy praat onsin.
Jy kan haar deur 'n ring trek.	Sy is baie netjies.
Die koeëls is deur die kerk.	Niks meer aan die saak doen nie.
Hy eet alles vir soetkoek op.	Hy glo alles wat hy hoor.

## Letterlike en Figuurlike Taalgebruik

### Letterlike taalgebruik

Wanneer ons iets beskryf soos wat dit werklik is, bedoel ons dit letterlik.

- Daar is 'n slang in die gras. (Daar is 'n regte slang wat in die gras is.)
- Aster is 'n donkie. (Dit is 'n regte donkie – die dier.)

### Figuurlike taalgebruik

Wanneer ons iets beskryf deur beelde of vergelykings te gebruik, is dit figuurlike taalgebruik. Dit is beeldspraak.

Idiome en vergelykings is figuurlike taalgebruik.

- Daar is 'n slang in die gras. (Iets kom verdag voor.)
- Piet is 'n donkie. (Hy is baie dom.)

## Die Dubbelpunt

- Wanneer die dubbelpunt as leesteken gebruik word, is daar geen spasie vóór die dubbelpunt nie, maar wel 'n spasie ná die dubbelpunt.
- Die dubbelpunt word gebruik om 'n reeks sake wat in 'n sin opgenoem word, in te lei. Byvoorbeeld:
  - Suid Afrika het drie riviëre wat in die Atlantiese Oseaan invloei: die Oranje-, Berg- en Olifantsrivier.

- Onthou om die volgende saam te bring: slaapsak, flits, waterbottel en hoed.
- Die dubbelpunt word gebruik vóór woorde wat in die direkte rede aangehaal word. Byvoorbeeld:
  - Professor Michell sê: "Sorg dat julle julle opdragte betyds inhandig."
  - Sandra verduidelik: "Vir alle praktiese doeleindes is die Suid-Afrikaanse riviere nie bevaarbaar nie."

## Aanhalingstekens

- Daar is twee soorte aanhalingstekens.
- "dubbelaanhalingstekens"
- 'enkelaanhalingstekens'
- Aanhalingstekens word altyd teenaan die gedeelte geskryf wat aangehaal word met spasies daarvoor en daarna.
- In Afrikaans gebruik ons meestal dubbelaanhalingstekens, behalwe waar daar 'n aanhaling binne 'n aanhaling is - dan gebruik ons enkelaanhalings.

## Die Kommapunt

- Dit dui 'n ruspunt in 'n sin aan wat langer as 'n komma en korter as 'n punt is en dit word voor sekere voegwoorde of in die plek van sekere voegwoorde gebruik.
- Die kommapunt moet gebruik word voor voegwoorde in groep 2, soos dus, daarom, nogtans, gevolglik, ens.
- Voorbeeld: Hy is laat; dus moet hy detensie sit.
- Die kommapunt en nie 'n komma nie moet in die plek van 'n voegwoord tussen twee sinne gebruik word.
- Voorbeeld: Ek is nie bang nie; die hond is by my. (Ek is nie bang nie, want die hond is by my.)

## Die Komma

- 'n Komma word gebruik as 'n ruspunt.
- Ons gebruik 'n komma wanner daar twee of meer selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde of werkwoorde is.
- Hier is 'n voorbeeld: Ek hou van appels, piesangs en duiwe: Hy wil weet of, indien ek mag, hom help met sy huiswerk.
- Na uitroepe wat hul grag verloor het: Wag, ek wil die vir jou gee.
- Voor of na die naam van 'n aangesprokene: Victor, kom asseblief hier.



## Die Uitroepteken

Ons gebruik 'n uitroepteken van uitroepe, bevele, wense en waarskuwings.

- Passop! Daar lê 'n slang.
- Gaan dadelik kamer toe!
- Hoera! Ons span het gewen.

## Die Vraagteken

Ons gebruik 'n vraagteken na 'n vraag gevra word in die direkte rede.

Hier is 'n paar voorbeelde:

- "Mag ek saam kom?" vra Sandra
- Juffrou vra: "Gaan jy hard leer vir die toets?"
- "Hoe laat gaan ons ry?" vra Pappa.